1 Augustus 2021

FAMILIE TUISBLAD

Efesiërs 4:1-16

Superhelde en *superpowers*

Wie is jou gunsteling superheld? En watter "superpower" van hulle is vir jou die beste?

Ons lewe in 'n tyd waar almal 'n superheld het of een wil wees. Hoekom? Want ons het helde nodig om na op te kyk. Superhelde is nie net iets wat op die groot skerm gesien kan word nie, ons lees ook van baie helde in die Bybel. Hulle lyk dalk anders, selfs vreemd, maar hulle is helde omdat hulle ons iets van geloof leer, en oor hoe om as Christene hier op aarde te floreer. Ons lees in Efesiërs 4 hoe Paulus vir die gelowiges vertel dat God elkeen gekies het (amper soos superhelde) en 'n spesiale taak gegee het (amper soos 'n "mission"). Hiervoor gee Hy ook vir hulle gawes (amper soos "superpowers") en hulle moet dus saamwerk in 'n span!

Lees: Efesiërs 4:1-16 Die eenheid van die kerk

Doen: Neem drie A4-bladsye en skryf bo-aan die volgende woorde: Superheld *mission*, Superheld Span en *Superpowers*. Kyk dan of julle in die teks die volgende kan vind en skryf dit dan op die bladsy.

- Watter opdragte gee Jesus aan ons in hierdie teks om te doen en nie te doen nie? (Superheld *mission*)
- Watter gawes gee Hy vir ons en wat behels elkeen? (*Superpowers*)
- Wat moet ons onthou oor samewerking en eenheid? (Superheld Span)

Gesels:

- Hoekom dink jy het God vir ons genadegawes gegee?
- Watter van die genadegawes dink jy het jy ontvang?
- Watter opdragte is vir jou die moeilikste? En die maklikste?
- Hoe kan ons beter as 'n span saamwerk in ons familie?

Bid: Gebruik vers 2-3 om vir God te vra om julle te help en verse 4-7 om vir God dankie te sê vir dit wat Hy vir ons gee.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Efesiërs 4:1-16 oor die genadegawes van God en hoe ons as ***Superheroes* ons *Superpowers*** kan gebruik.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za